

# Algemene artikels en berigte

## Die familie Asteraceae: 'n Algemene oorsig

P.P.J. Herman

Nasionale Botaniese Instituut, Privaat sak X101, Pretoria, 0001

ppjh@nbipre.nbi.ac.za

Ontvang 10 November 1999; aanvaar 13 Maart 2000

### UITTREKSEL

*Die familie Asteraceae (die sonneblom- of madeliefie-familie)* is waarskynlik die grootste blomplantfamilie in die wêreld. Die familie is kosmopolities in verspreiding en is ekonomies belangrik aangesien talle verteenwoordigers gebruik word vir voedsel, medisyne, weiding vir vee of as ornamentale plante, terwyl ander ongewenste onkruid of giftig is. Die 'blom' is eintlik 'n versameling blommetjies wat saam gegroepeer is om 'n hofje te vorm. Die buitenste, gekleurde blommetjies is bekend as straal- of lintblomme terwyl die binneste, gewoonlik geel blommetjies bekend is as buis- of skysblommetjies. Die straalblomme is meestal vroulik terwyl die buisblomme tweeslagtig of manlik is. Soms is die straalblomme afwesig of gereduseer. Die hofjes kan as lint- en buisblomdraend, buisblomdraend of skysvormig en ongelykslagtig (heterogaam) of gelykslagtig (homogaam) beskryf word. Die helmknoppe dra dikwels aanhangsels en die styltakke kan vergroei of verdeel wees en/of aanhangsels dra. Die vrugpluis (pappus) verteenwoordig die kelkblare en bestaan uit hare en/of skubbe of is soms afwesig. Die vrug is 'n dopvrug. Strooiskubbe (paleae) is soms teenwoordig: dit is ekstra skutblaartjies wat elk 'n individuele blommetjie omvou. Die hofje word deur die omwindselskutblare omring. Die blare varieer baie en verskillende groeivorme word in die familie aangetref.

### ABSTRACT

#### *The family Asteraceae: General introduction*

*The family Asteraceae (the daisy family) is probably the largest plant family in the world. It is cosmopolitan in distribution and is economically important as many members are used for food, medicinal purposes, grazing for stock, or ornamentals, while some are troublesome weeds or poisonous to animals. The 'flower' is actually a collection of flowers grouped together to form a capitulum. The outer, colourful florets are called rays while the inner, usually yellow florets are called disc florets. The rays are usually female and the disc florets bisexual or male. Sometimes the ray florets are absent or reduced. The capitula can be described as radiate, discoid or disciform and heterogamous or homogamous. The anthers often have appendages and the style arms are fused, divided and/or contain appendages. The pappus, which represents the sepals, consists of bristles and/or scales. Sometimes this is absent. The fruit is a cypsela. Paleae are sometimes present in the form of extra bracts, each enveloping an individual floret. The capitulum is surrounded by the involucral bracts. The leaves are very variable. Different lifeforms are encountered in the family.*

### INLEIDING

Die familie Asteraceae (die sonneblom- of madeliefie-familie) word as een van die grootste, selfs dié grootste blomplantfamilies in die wêreld beskou. Navorsers verskil van mekaar oor die presiese getal geslagte en soorte wat aan die familie behoort: vroëer het navorsers gemeen dat daar ongeveer 1 000 geslagte en omstreng 13 000 soorte voorkom,<sup>1</sup> maar die nuutste navorsing duï op 1 535 geslagte en 23 000 soorte.<sup>2</sup> In Suider-Afrika kom daar 246 geslagte en 2 305 soorte voor.<sup>3</sup> Die familie Asteraceae is kosmopolities in verspreiding, m.a.w. verteenwoordigers kom wêreldwyd voor; dit is slegs afwesig in Antarktika. Hulle kan in enige habitat aangetref word: van die strand tot op die hoogste bergpiek.

### EKONOMIESE BELANG

Baie verteenwoordigers van die familie Asteraceae is ekonomies belangrik. Voorbeeldelike sluit in *Helianthus annuus* (sonneblom) waarvan die olie en vruggies ("sonneblomsaad") as voedsel gebruik word en *Lactuca sativa* (kropslaai). Algemene onkruid is bv. *Bidens*-soorte (knapsekerwels), *Tagetes minuta* (kakiebos) en *Xanthium*-soorte (boetebossies of kankerroos), om maar 'n paar te noem. Ander is weer belangrike medisinale plante wat veral in die verlede algemeen gebruik is en vandag nog deur

tradisionele genesers benut word, bv. *Artemisia afra* (wilde-als). Sekere soorte wat in die Karoo groei, is belangrike voerplante vir vee, bv. sommige *Osteospermum*-soorte (bietou-soorte), maar ander is weer baie giftig vir vee, bv. *Geigeria*-soorte (vermeerbossies). Baie lede van die familie word vir versiering in tuine aangeplant en in blommerangskikkings gebruik, bv. *Dendranthema*-soorte (krisante) en *Helichrysum*-soorte (sewejaartjies).

### ALGEMENE KENMERKE

#### Blomme

Die verteenwoordigers van die familie word gekenmerk deur die besonderse manier waarop die blommetjies gerangskik is. Die 'blom' is in werklikheid 'n hele versameling klein blommetjies wat dig saamgepak is in 'n hofje (figuur 1). Die hofjes kan enkel aan 'n bloeistiel gedra word soos by *Helianthus* (die sonneblom), of 'n groepie hofjes kan saam aan die einde van 'n tak gedra word, soos by *Tagetes* (die kakiebos).


Die hofjes van verskillende geslagte/soorte lyk verskillend. Kyk maar na die hofje van *Helianthus annuus* (die sonneblom) of *Cosmos bipinnatus* (die kosmos): daar is die buitenste helderkleurige 'blomblare' wat cintlik 'n kring spesiale blommetjies is, en die binneste, dikwels geel gedeelte wat 'n

mens aan die meeldrade en stampers van ander blomme laat dink.


Die buitenste ry opvallende, helderkleurige blommetjies word **lint-** of **straalblommetjies** genoem, terwyl die binneste dikwels minder opvallende, geel blommetjies as **buis-** of **skyfblommetjies** bekend staan (figuur 1). Die lintblomme is gewoonlik **vroulik**, m.a.w. hulle besit slegs 'n stamper, of hulle is steriel (voortplantingsorgane is onvrugbaar of afwesig). Soms kom daar wel onvrugbare meeldrade by die vroulike blomme voor - hulle is dus struktureel tweeslagtig, maar funksioneel eenslagtig. Soms verskil die kleur op die bo- en onderkante van die lintblomme. By sommige geslagte/soorte is die helderkleurige lintblomme afwesig of baie gereduseerd - die hofie is dan net 'n geel bolletjie, soos by *Cotula*-soorte (gansgras).

Die buisblomme is gewoonlik **tweeslagtig**, m.a.w. hulle bevat beide meeldrade en 'n stamper, of hulle is **manlik** en bevat dan vrugbare meeldrade en gewoonlik onvrugbare stampers. In enkele gevalle kom daar slegs een geslag blommetjies in die hele hofie voor; in dié gevalle is daar aparte manlike en vroulike plante, soos by *Brachylaena*-soorte (die vaalbosse) en *Tarchonanthus*-soorte (wildekanferbome).

Wanneer beide lint- en buisblomme in 'n hofie teenwoordig is, word die hofie **lint- en buisblomdraend** genoem (Engels: *radiate*). Wanneer slegs buisblomme teenwoordig is, word die hofie **buisblomdraend** genoem (Engels: *discoid*). In sommige gevalle is die lintblomme so gereduseer dat hulle nie met die blote oog waarneembaar is nie. In sulke gevalle word die hofie **skyfiform** genoem (Engels: *disciform*). Wanneer blommetjies van slegs een soort in 'n hofie voorkom (manlik, vroulik of tweeslagtig), is die hofie **gelykslagtig** (Engels: *homogamous*)



**Figuur 1:** Skematische voorstelling van die hofie van die familie Asteraceae: A - hofie; B - skutblaaromwindsel; C - straal- of lintblom; D - buis- of skyfblomme. Kunstenares: G. Condy.



**Figuur 2:** Skematische voorstelling van die dopvrug (A) van die familie Asteraceae met pappusskubbe (B) en pappushaartjies (C). Kunstenares: G. Condy.

soos by buisblomdraende hofies. Wanneer blommetjies van verskillende geslagte in een hofie voorkom, bv. vroulike lintblomme en tweeslagtige buisblomme, is die hofie **ongelykslagtig** (Engels: *heterogamous*). Die hofies van die Asteraceae kan dus beskryf word as: lint- en buisblomdraend, onglykslagtig, buisblomdraend, gelykslagtig of skyfiformig, onglykslagtig.

Die helmknoppe is sydelings met mekaar vergroei en het dikwels aanhangsels aan die bo- en onderkante. Die helmdrade is op die kroonbus ingeplant. Die style van die verskillende soorte varieer van onverdeel en vergroeid tot verdeel en met verskeie aanhangsels.

Die blommetjies het nie kelkblare soos baie ander blomme nie - die kelk word verteenwoordig deur spesiale haartjies of skubbe bekend as 'n **pappus** (vrugpluis) (figuur 2). Die pappus kan uit slegs haartjies of slegs skubbe bestaan of hulle kan in kombinasie voorkom. Die haartjies kan veeragtig of getand wees. Soms ontbreek die pappus heeltemal.

By die familie Asteraceae behoort ons nie van sade te praat nie, maar van dopvruggies of kapsella (Engels: cypselas), aangesien die vrug- en saadwand só vergroei is dat die twee aparte strukture nie onderskei kan word nie (figuur 2). Die vruggies varieer baie in vorm, kleur en harigheid.

Soms is daar 'n ekstra skutblaartjie by elke buisblommetjie aanwesig wat dit toevou. Hierdie skutblaartjies word strooisel- of **paleae** genoem.

Aan die buite- en onderkant van die hofie is daar een of meer rye groen of bruin skutblaartjies wat 'n mens aan die kelkblare van ander blomme herinner - dit staan as die **skutblaaromwindsel** bekend (figuur 1). Hierdie skutblaaromwindsel het ook taksonomics bruikbare kenmerke om na op te let: die kleur, vorm, rangskikking, getal blaartjies per ry en getal rye, graad van vergroeidheid van die blaartjies, en aanhangsels. Soms kom daar nog ekstra skutblaartjies onderkant die omwindsel voor, soos by die geslag *Senecio*. Dit is ook belangrik om daarop te let of die hofies gesteeld of sittend is.

### Blare

Aangesien die familie so groot is, word alle moontlike blaarvorms en blaarrangskikkings aangetref: afwisselend, teenoorstaande, in 'n basale roset, of in groepies saamgegroep. Die blare kan voor die blomtyd, saam met die blomme of na die blomtyd verskyn. Hulle kan haarloos, harig, klierharig, of doringrig wees. Die blaarfom varieer ook baie: enkelvoudig of saamgesteld, gaafrandig, gesaag, getand of tot varieerbare dieptes ingesny. Die blaarsteel kan teenwoordig of afwesig wees; soms loop die blaarsteel langs die stingel af en dan is die stingel gevleuel. Soms is die blaartjies baie klein, skubagtig, of selfs totaal afwesig.

### Groeivorms

Aangesien hulle op sulke uiteenlopende plekke groei, word verskillende groeivorms aangetref: bome, struiken, dwergstruiken, een- of meerjarige kruide, klimplant, vetplant en waterplant. Sommige is doringrig, ander weer aromatics. Soms is melksap teenwoordig.

### LITERATUURVERWYSINGS

1. Harvey, W.H. (1865). Compositae. In Harvey, W.H., Sonder, O.W., *Flora Capensis*, 3: 44-530 (Hodges, Smith & Co., Dublin).
2. Bremer, K. (1994). *Asteraceae, cladistics and classification* (Timber Press, Portland, Oregon).
3. Herman, P.P.J., Retief, E., Kockemoer, M., Welman, W.G. Asteraceae. In Leistner, O.A. (ed.). *Seedplants of South Africa: families and genera*. Strelitzia, 10 (National Botanical Institute, Pretoria).

## Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Inhoud: jaargang 40, nommer 2, Junie 2000

H.W. ROSSOUW

Die universiteit as sentrum van intellektuele kultuur

N. BOSMAN

Die meerwoordige leksikale item in Afrikaans. Deel 2:  
Verskillende soorte MLI's - die kerngroep

D.J. GELDENHUYSEN

Emigrasie: Suid-Afrika se duur hemorrhagie

ALBERT VENTER en DEON GELDENHUYSEN

Uitdagings vir demokrasie in Suid-Afrika

H.P. VAN COLLER en J.C. STEYN

Van Wyk Louw en Leipoldt: twee verteenwoordigende denkrigtings oor die geskiedenis en toekoms van Afrikaans

F.I.J. VAN RENSBURG

“Jy’t weggegaan” (N.P. van Wyk Louw): Die verhouding tussen tekste, konteks en buitetekst

A.P. GROVÉ

Poësiekroniek

Boekbeskouings

*Die Tydskrif is by die Akademiekantoor beskikbaar teen R32,50 per eksemplaar (BTW en posgeld ingesluit)*